Familie Met 'n Missie

NG Eldoraigne Familiekerk

Henriweg 1045
Eldoraigne 0157
Tel: 012 654 6904
Faks: 012 654 5236
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

Familie met 'n Missie – In 'n Seisoen van Omgee

19 Februarie 2012
Welkom by ons Familie!

Kleingroep Tema:
Om deel te word van 'n nuwe familie.

GEMEENTEVISIE
NG Eldoraigne Familiekerk
-
Waar mense God beleef en as volgelinge van Jesus gemeenskappe vernuwe.

GEMEENTEMISSIE:
Ons bou mekaar op deur betrokke te wees in persoonlike omgee-verhoudings en reik uit na alle mense met wie ons paaie kruis.

EREDIENSTE

19 FEBRUARIE 2012

LYDENSTYD BEGIN

08:00 – EREDIENS – ds Janus Roux
10:00 – EREDIENS – ds Janus Roux
10:00 – MINI-CHOMPS in die ARK
10:00 – ELDO-CHOMPS in die LAPASAAL
13:00 – TSOSELETO SERVICE UITREIK NA WIERDAPARK – Cain Mazibuko
18:00 – GARAGEDIENS EN SENIOR KATEGESE – Hanro Vorster

26 FEBRUARIE 2012

08:00 – EREDIENS – Johan van den Heever
10:00 – EREDIENS – Johan van den Heever
10:00 – MINI-CHOMPS in die ARK
10:00 – ELDO-CHOMPS in die LAPASAAL
14:00 – TSOSELETO SERVICE – Cain Mazibuko
18:00 – GARAGEDIENS EN SENIOR KATEGESE – Hanro Vorster

TSOSELETSO EREDIENS EN LOFPRYSING BY WIERDAPARK TAXISTAANPLEK VANDAG OM 13:00!!!

As deel van die bediening van die swart gemeenskap in ons omgewing word ‘n erediens **vanmiddag om 13:00 by die Wierdapark Taxistaanplek gehou**. Hierdie is ‘n uitreik van Tsoseletso bediening na swart mense wat Sondae by die Wierdapark winkelkompleks en parkeerterrein in groepies saam sit en nie inskakel by enige gemeente nie. Enigiemand van ons gemeente, of huishulpe, is welkom om die diens te kom bywoon wat in **Sotho en Zulu** gehou sal word.

Ons as bediening vra dat belangstellendes en gemeentelede betrokke raak deur hulp te kom aanbied met:

- Die opslaan van ‘n gazebo
- Stoele en tafels aanry en uitpak
- Klanktoerusting vervoer en opstel
- Krag aanlê en pamflette uitdeel
- Gebed voor en tydens die erediens

Belangstellendes kan skakel met Danie Snyman
by 083 325 6336 of
Cain Mazibuko by 073 098 6336 voor
Vrydag 17 Februarie 2012.

ALMAL IS BAIE WELKOM OM DEEL TE NEEM!!!



BYBELSTUDIE

U word hartlik uitgenooi om te kom inskakel by die Dinsdagoggend Bybelstudie o.l.v. André Joubert om 09:30 in die Lapasaal.

ALMAL IS WELKOM!!

ADORAMUS

(Om in liefde te aanbid)

Dinsdagaande om 18:30 in die Kapel

Verloop van diens:

Aanbiddende sang (10 min)
Skriflesing / stilte (10 min)
Aanbiddende sang (10 min)

ALMAL IS WELKOM!!

MEDITASIE

Ons kom elke Vrydag van 06:00 tot 06:30 te Frederiklaan 1038 bymekaar om vir 20 minute te mediteer. Skakel Alta by 082 941 7618

ALMAL IS WELKOM!!

BYBELSKOOL...

Die Bybelskool olv André Joubert het weer afgeskop. Die volgende Bybelskool lesing vind plaas op Dinsdag, 21 Februarie om 19:00 in die Lapasaal. Indien u dit wil bywoon, skakel asb vir Hannekie by die gemeentekantoor (012 654 6904) en bevestig ook of u 'n nuwe of bestaande lid van die Bybelskool is.

ALMAL IS BAIE WELKOM!

SPERTYE vir advertensies is Woensdae om 12:00 en vir enige afkondigings Donderdae om 09:30 vir die komende Sondag. Dit verlig die druk in die kantoor geweldig. **BAIE DANKIE!!!**

2012 KALENDERS IS BY DIE GEMEENTEKANTOOR BESKIKBAAR @ R10 PER EKSEMPLAAR.

Kleingroepe

Tema vir Kleingroepe:
"Ons gee om vir mekaar"
Wil u deel word van 'n kleingroep??
Voltooi asseblief die geel Kleingroep-indelingsvormpie en handig by die kantoor in.
U kan ook 'n e-pos stuur aan bedien@eldofam.co.za vir meer inligting.

VRYWILLIGERS GEVRA:

Om **een** maal elke **vier** maande 'n middagete vir ongeveer 14 persone voor te berei. **Skakel vir Gertie by 012 654 2422 of 072 501 8504 indien jy kan help, asseblief!**

Indien u die afkondigings per e-pos wil ontvang, skakel asseblief vir Louise by die gemeentekantoor of e-pos aan bedien@eldofam.co.za

CMR VALHALLA

Bied 'n werkgroep aan vir geskeide mense asook mense wat wil skei. Die kursus word oor ses weke gehou op Maandagaande van 18:00 tot 20:00 by NG Gemeente Wierdapark. Daar is plek vir maksimum 20 mense. Enigiemand wat belangstel, kan vir Alma kontak by 012 654 6026 / 012 660 2366 vir meer inligting.

Gemeente Ontbyt

25 Februarie 2012

"Wat moet ek weet wat ek nie weet nie?"

Spreker: Jannie Putter
(Bekende sportsielkundige en motiveringspreker)

Tyd: 06:45 vir 07:00
Koste: R70 per persoon
Kaartjies te koop by die gemeentekantoor
of vir besprekings skakel Hannekie
by 012 654 6904
of www.eldofam.co.za

ALMAL IS BAIE WELKOM!!!

DANVILLE KAMP UITREIK
"OCEAN BASKET"-AANDE

As deel van die fondsinsameling vir hierdie uitreik hou ons gereelde

"VIS-EET-EN-SAAM-KUIER" geleenthede by Ocean Basket, Eldoraigne.

Die volgende saam kuiers is op WOENSDAG 29 FEBRUARIE
en DONDERDAG 1 MAART.
Besprekings is noodsaaklik!! Skakel 012 654 9188.
Vir verdere inligting skakel Jaco Dorfling by 082 699 4383 of
Hettie Bodenstein by 082 336 2216.

Wêreld Biddag vir Vroue 2012

Die Wêreld Biddag vir Vroue word vanjaar aangebied deur die vroue van Maleisië.
Dit vind plaas op
Vrydag 2 Maart 2012
Tema: "*Leef regverdig – doen wat reg is*"
Belangstellendes kan meer inligting kry by
http://www.wwdp.co.za.

DANKOFFERS.....

Debietorder vorms vir die gerieflike en veilige inbetaling van u maandelikse dankoffer is by die deure beskikbaar. Voltooi asseblief en handig by die kantoor in of plaas in die kollektesakkie voor u huis toe gaan. U kan dit ook van ons webblad: www.eldofam.co.za aflaai.

Maandelikse dankoffers kan ook **elektronies** in die gemeente se rekening inbetaal word. Skakel asseblief vir Cisca by die gemeentekantoor vir meer besonderhede.

Dankoffer-koeverte is by die deure beskikbaar en kan in die kollektesakkies geplaas word.

Baie dankie aan almal wat so getrou bydra!!

Ravah Voeding

Benodig dringend skoon, gebruikte plastiese sakkies (Pick'nPay, Spar, Woollies en Checkers) om die voedsel wat berei word vir die gesinne, in te verpak. Dit kan by die gemeentekantoor of kombuis ingehandig word.

Hulle vra ook vrywilligers om Dinsdag-oggende te kom help met die voorbereiding van die voedsel hier by die gemeentesentrum se kombuis. Skakel vir Gertie by 012 654 2422 of 072 501 8504 indien jy kan help asseblief!

Skenkings van rys, pasta en sop-poeier, sowel as kontant bydraes kan by die gemeentekantoor gemaak word. Merk asb alle bydraes: **"Ravah Voeding".**

BAIE DANKIE!!

Olievenhoutbosch Projek

Hierdie opheffingsprojek word geloods in samewerking met ons sendingkoördineerder Dominic Kotze. Sy is tans betrokke by 'n naskool waar sy kinders help met skoolwerk en ander vaardighede.

Sy benodig asseblief:

- **Engelse storieboeke vir kinders tot so 10 jaar** – hulle sukkel baie met lees!
- **Legkaarte en boublokke**
- **Inkleurboekies en vetkryte**
- **Tweedehandse opvoedkundige speelgoed**

Alle skenkings kan by die gemeentekantoor Ingehandig word. Merk dit asseblief: **"Olievenhoutbosch Projek"**

BAIE DANKIE!

GARAGEDIENS VANAAND OM 18:00

TEMA: "Beter as Google" – Ds André

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK GARAGEBEDIENING VAKATURES:

Vakatures bestaan vir twee deeltydse jeugwerkers:
(een man en een dame)
vir hoërskool jeug, studente en werkende jeug.

Vereistes:

- Besig met, of voltooide 3de jaar teologiese studies
- Lief vir die Here, passievol oor die jeug, energiek, onkreukbare voorbeeld vir jongmense en integriteit.

Vir meer inligting, skakel asseblief vir Thea Hamman (Koördineerder: Snr Jeug) by 082 787 4320.

Rig aansoeke met volledige CV aan Francois van Staden by: bestuurder@eldofam.co.za.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 24 Februarie 2012.

Vir kennisname:

In 2011 het ons die voltydse jeugwerkerspos in 2 verdeel:

Koördineerder: Senior Jeug
Studente Jeugwerker

Ons het besluit om hierdie 2 poste vir 'n jaar lank te skep en dan te herevalueer! Na besinning oor die afgelope jaar het ons besluit om die Koördineerder: Senior Jeugpos te laat bly voortbestaan in sy huidige vorm, maar om die studente jeug-werkerspos in twee te verdeel en 'n man en meisie aan te stel!

FINESSE nooi alle vroue uit na die "**Voelgoed Ekspo"** op Vrydag, 2 Maart en Saterdag 3 Maart by die Heartfelt Arena net buite Pretoria.

Dié dag bied jou koopgenot by stalletjies, asook talle bekendes en vermaak. Gratis werkswinkels word aangebied deur topkenners soos Natasha Sutherland, Glam Guru, Susan Coetzer en vele meer.

Bertha Le Roux Wahl is die nuwe gesig van voelgoed –
kom ontmoet haar persoonlik.

'n **"Nuwe Jy"** werkswinkel word aangebied op 3 Maart in die teater.

Koop nou jou kaartjies by Computicket of besoek www.voelgoedweek.co.za

Deo Gloria

Het jy 'n talent ontvang om mooi te sing, of kan jy 'n musiek-instrument bespeel? Wil jy graag God loof en prys met jou talente?

Kom gebruik die talent wat aan jou gegee is ....
word deel van Deo Gloria,
die 10:00 diens musiekgroep!
Skakel vir Elsa by 082 886 3555
of kom gesels na afloop
van die diens met haar.
ONS HET JOU NODIG!!!



RUSOORD CENTURION

Daar is tans leë beddens vir die versorging van bejaardes beskikbaar. Volle besonderhede asook aansoekvorms is op ons webwerf:
www.rusoordcenturion.co.za
beskikbaar.
Belangstellendes kan ook direk met matrone Labuschagne inverbinding tree by
012 – 664 5835.



Abraham Kriel Kinderhuis 2012

Ons wil graag begin met die insameling van tweedehandse seuns en mans-aandpakke vir die groter kinders in die kinderhuis. Hulle voorraad van aandpakke is uitgeput en nie meer in so 'n goeie toestand nie. Hulle het hierdie jaar 5 matrieks, maar deur die loop van die jaar moet hulle al die seuns aangetrek kry vir die jaarlikse Valentyns- en Lentebal by die Hoërskool.

Van hul studente wat op universiteit is, soek ook van tyd tot tyd 'n aandpak.

Hulle het regtig ons hulp nodig met hierdie projek!!
Alle klere kan by die gemeentekantoor ingehandig word.
Merk dit asseblief: "Abraham Kriel Aandpakke"